



Foto deur [Ben White](#) op [Unsplash](#)

# 10 maniere waarop God ons bekommernisse die nek inslaan

Deur **Erich Schoeman (Kliniese Sielkundige)**  
Sake van die Siel ([www.sakevdsiel.org](http://www.sakevdsiel.org) of  
[www.mattersofthesoul.org](http://www.mattersofthesoul.org))

**6 - 7 minute se lees**

Na aanleiding van my vorige artikel, [10 maniere om kommer die nek in te slaan](#), is hier 10 maniere waarop die Here hierdie kommerkringloop in ons lewe verbreek.

Die evangelie gaan oor 'n lewende Persoon. Jesus Christus het uit die dood opgestaan en sit aan die regterhand van God die Vader in die hemel. Ons kan met Hom praat en in sy verhouding met die Vader deel, sy liefde beleef en die direkte impak daarvan ervaar deur die Heilige Gees wat Hy gestuur het om by ons te wees.

As jy Jesus vir die vergifnis van jou sondes (die feit dat jy God se wette verbreek het en sy skeppingsplan vir jou lewe misgeloop het) vertrou, en jou hoop op die ewige lewe (dat jy eendag gaan wees waar Hy nou is) in Hom gestel het, dan het jy reeds die nuwe lewe van die Heilige Gees ervaar. Jy ken die Here Jesus as jou Verlosser.

Plaas nou ook die res van jou lewe in sy hande. Leer wat dit beteken om sy gedagtes en planne vir jou lewe te volg. Om dit te kan doen, moet jy Hom ken en dit gebeur deur sy Woord (die Bybel) en ervaring. Die Woord leer ons wie Hy is en wat Hy wil hê. Op grond daarvan kan jy jou vertroue in Hom stel, doen wat Hy sê en Hom deur verskillende ervarings in jou lewe sien werk.

God vertolk verskeie rolle in jou daaglikse lewe. Jy hoef dus nie te probeer om self al hierdie dinge te wees of al jou vertroue in ander mense te stel nie. Namate jy leer om God te vertrou, sal jy ervaar wat dit beteken om as een van sy kinders op aarde te lewe. Jy sal gou ontdek dat jy veel minder rede tot kommer het.

Hier is 10 rolle wat God in jou lewe vervul: Hy is jou...

### **1. Vader**

“Die Gees wat julle ontvang het, is nie ‘n Gees wat weer van julle vreesbevange slawe maak nie. Julle het die Gees van ware kindwees ontvang en deur hierdie Gees roep julle uit tot God: Abba - ons Vader.”

Romeine 8:15 Nuwe Lewende Vertaling (NLV)

As jou Vader is Hy die Een wat vol liefde na jou omsien en jou met wysheid (en vir jou beswil) tereg wys. Hy is só betroubaar dat jy Hom soos Jesus kan vertrou, selfs tot in die dood toe.

### **2. Vriend**

“Ek noem julle nie meer slawe nie, want ‘n slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Julle noem Ek lankal vriende, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het, aan julle verduidelik het.”

John 15:15 (NLV)

Hy beskou jou as ‘n vriend en het sy lewe vir jou neergelê. Hoekom sal Hy nie ook vir jou sorg nie?

### **3. Helper**

“God is vir ons ‘n toevlug en ‘n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.”

Psalm 46:2 (1983 Vertaling)

Hy is altyd bereid om te help. Vra enige tyd. Maak seker dat jy sý wil vir jou soek, dis altyd beter.

#### **4. Voorsiener en Leier**

“Die HERE is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie.”

Psalm 23:1 (NLV)

As jy God se kind is en Hom as jou leier volg, sal jy ontdek dat Hy in al jou behoeftes voorsien, fisies én emosioneel. Hy sal vir jou soos ‘n herder wees wat sy skape oppas Hulle het nie ‘n oomblik se stres nie. Hulle weet Hy sal sorg.

#### **5. Sterkte**

“Die HERE kyk oor die hele aarde om hulle te help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.”

2 Kronieke 16:9

As jy op die Here vertrou en Hom met jou hele hart volg, sal jy ervaar dat Hy jou krisisse gebruik om sy mag te vertoon. Jy sal ander van sy krag vertel en kan getuig dat Hy ‘n werklikheid is.

Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk. (2 Korintiërs 12:10)

#### **6. God die Almagtige**

“Toe Abram 99 jaar oud was, het die Here weer aan hom verskyn en gesê: ‘Ek is God die Almagtige. Lewe in my teenwoordigheid en wees opreg.’”

Gen 17:1

God is almagtig en Hy kan enigiets doen. Jy kan Hom onvoorwaardelik vertrou.

#### **7. Beskermer**

“Die HERE is my rots, my vesting en my redder, my God, en my rots by wie ek skuil. Hy is my skild, my magtige redder, my veilige vesting.”

Psalm 18:3 (NLV)

God belowe om ons te beskerm en Hy beskut ons daagliks teen baie gevare.

Soms gebeur daar egter dinge wat dit laat lyk asof Hy dit nie doen nie. Die feit dat dit gebeur, beteken egter nie dat Hy ons nie beskerm nie. Dit beteken dat jy te midde van die storm sy beskerming ervaar, dat jy te midde van die onstuimigheid óp die water loop. Die bedreiging is daar sodat God jou kan red en sy mag kan wys. God word sigbaar deur jou situasie.

As God ons nie red en beskerm soos wat ons verwag het nie en die uitkoms minder gunstig is, het ons die versekering dat Hy in beheer van ons lewe is. Hy laat sekere situasies toe en ongeag wat die uitkoms is, laat Hy dit meesterlik vir ons beswil en tot sy heerlijkheid meewerk (Rom. 8:28). Hy gebruik hierdie situasies om ons geloof te versterk (Jak. 1) sodat ons ons ware identiteit, die Here Jesus, kan uitleef (Rom. 8:29), en sy Naam kan verheerlik.

Ons het die troos dat ons lewe werklik in sy hande is (Ps. 31:15) en dat Hy altyd by ons is (Heb. 13:5-6). Wanneer jy bang of bedreig voel, kan jy Hom vra wat jy wil hê moet gebeur, maar wag en kyk hoe Hy jou situasie tot sy heerlijkheid laat meewerk. Wees beskikbaar en vertrou Hom. As ons ons bekommer, beteken dit ons het vergeet dat Hy God is, vir ons lief is en ons sal beskerm.

## **8. Vrede**

“Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”

Jesaja 9:5

Die feit dat die Here Jesus in jou lewe is, bring vir jou vrede met God, vrede te midde van die lewe se uitdagings, vrede oor jou ewige bestemming, vrede omdat Hy, die Een wat jou liefhet, intiem by jou is.

## **9. Getroue God**

“Toe het ek gesien die hemel is oopgemaak. En kyk! Daar verskyn ‘n wit perd. Sy Ruiters word die Getroue en Betroubare genoem. Hy oordeel op ‘n regverdig manier en voer ook só oorlog.”

Openbaring 19:11

Getrouheid is deel van God se wese. As Hy jou iets belowe, sal Hy dit doen. Maak seker dat jy aanhou vertrou en nie moed opgee wanneer dit lyk asof dit wat jý wou hê, nie gebeur nie. Volg God se plan.

## 10. Trooster

“God, die Vader van ons Here Jesus Christus, word geprys! Hy is die Vader van barmhartigheid en die God wat in elke opsig bemoedig. In al ons swaarkry bemoedig Hy ons. Hy doen dit sodat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk het.

2 Koirintiërs 1:3-4 (NLV)

Hy wil ons in ons swaarkry bemoedig en stel ons dan in staat om ander te bemoedig.

Die enigste manier om van kommer ontslae te raak, is om jou negatiewe gedagtes daaglik met die waarheid te vervang oor wie God regtig is en wat dit in jou lewe beteken. Mag die Here jou seën namate jy Hom vertrou om jou te help om jou bekommernisse af te skud en Hom te laat oorneem.

*Sake van die Siel is 'n Suid-Afrikaanse 18A goedgekeurde organisasie sonder winsbejag. As jy ons werk deur middel van 'n finansiële bydrae wil ondersteun en 'n belastingcertifikaat wil ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan [erich@mattersofthesoul.org](mailto:erich@mattersofthesoul.org) of besoek [Donate](#)*